Bome VAN DIE BYBEL

# Vyebome

## Inleiding

Vyebome is van die eerste bome in die Bybel wat op die naam genoem word. Ons lees reeds in die derde hoofstuk van Genesis dat Adam en Eva hulself bedek het met vyeblare omdat hul skaam gekry het omdat hulle naak was. Ons almal ken hierdie verhaal uit ons kinderjare. Ons blameer iemand, sommige mense blameer vir Eva, ander vir Adam, maar die meeste van ons blameer die slang (Lucifer).

As ons eerlik word met onsself voor God, besef mens vinnig dat my "naaktheid" voor God my eie toedoen is en ons, soos Adam-hulle, bedek eerder onsself voor ons deel met ons sonde.

**Lees: Genesis 3:1-10 (Let op vers 7)**

Adam en Eva het hul naaktheid bedek met vyeblare. Hulle was nog nooit skaam vir God nie, Hy het hul voorheen al gesien net soos hul was, maar dit het hul nie gepla nie. Wat het verander?

Soms voel ek en jy ook "OOP en BLOOT" voor God, inteendeel as ons nie "oop maak" vir God nie, sluit ons Hom uit. Maar wanneer wil ons wegkruip en "op cover"? Wanneer ons skuldig staan voor die Here oor iets is dit nie tyd vir vyeblare nie, maar eerlikheid.

**Raak stil vir 'n oomblik, net jy en jou eie gedagtes. Waarvan skram jy op hierdie oomblik weg ? Wat moet jy hanteer, maar jy sien op daarteen? Wat steek jy weg agter vyeblare?**

## Vyeblare bedek my!

Om "vyeblare" oor jou naaktheid te sit, neem nie die probleem weg nie. Dit stel net die probleem uit tot dit hanteer moet word! Die Seun van God nooi ons om "oop te maak". Hy klop!

**Lees: Openbaring 3:20**

Jesus klop nou by jou "deur". As jy oopmaak, sal Hy inkom. Die reaksie lê in jou hande. In my kinderjare het ek ook soveel keer goed vir my ouers probeer wegsteek, maar hulle het 'n manier gehad om te weet! Teen die tyd wat ek erken en bely het, was hul reeds bereid om te vergewe, maar het vir my gewag om eerlik te wees. **God weet! HY wag!**

INHOUD

Inleiding

Vye bedek my!

Wildevyeboom

Vervloekte vye

Slot

marius@ahavah.org.za

www.ahavah.org.za





Ahavah

## Die Wildevyeboom

### Lees: Lukas 19:1-10

Die Tollenaars was gehate mense, die Jode het hul gesien as verraaiers, want hulle het vir die Romeine gewerk, en hulle het mense besteel deur meer te vra vir tolgeld as wat hul veronderstel was. Skelm verraaiers!

Hierdie kort Tollenaar het 'n afspraak gehad met die Seun van die God.

Daar was 'n boom, 'n wildevy, wat aan hom die perfekte skuiling sou bied van die skare, hy kon wegkruip dat mense hom nie beoordeel nie, maar hy kon ook vir Jesus sien vanuit sy skuiling! "Ek is kort, ek sal hoog in die boom inklim en vanuit my hoogte, bo hulle wie my veroordeel, afkyk op hulle."

Jesus sien deur sy skuiling, Hy sien hom agter die vyeblare, Jesus sien hom raak in sy "hoogte" bo hulle wie hom veroordeel. **Jesus STOP! Jesus ROEP! Jesus bring VERGIFNIS en REDDING!** Hierdie klein mannetjie vind meer as wat hy voor gevra het, hy wou Jesus net sien, maar nou eet hy saam met Hom. Nou vind hy waarde in Hom.

Ons, net soos Saggéüs, kruip ook weg in ons Wildevyeboom. Ons skuil ook agter die blare, ons is ook behep met "wat gaan die mense sê?" Ons klim ook soos hy op ons eie morele hoë bome en kyk neer op mense, vanuit ons perspektief. MAAR, Jesus stop vandag by jou wildevyeboom. Hy sê: "Kom af" van jou morele hoogte af, kom na My toe, want Ek wil redding bring vir jou huis! Moenie skuil agter die vyeblare soos Adam en Eva of Saggéüs nie, KOM! As kind van die Here, kan jy dalk sê: "Ek is nie ongered nie" ek kruip nie weg nie. Regtig?

Waarvan kruip jy weg? Jou verantwoordelikhede in die Koninkryk, dalk? Soms skuil ons agter die vyeblaar van "Ek is nie goed genoeg nie" of "Ek het nie genoeg kennis nie" of "Ek het nie tyd nie"

Kom, wees eerlik voor God. Dra jy vrug soos jy moet? Baie van ons moes al geestelik volwasse gewees het en leiding verskaf het vir nuwe kinders van God, maar ons skuil agter die vyeblare saam met Saggéüs.

### Lees: Hebreërs 5:12

**Agter watter Vyeblaar kruip jy weg?**

**Hoe kan julle mekaar help en ondersteun om hierdie vyeblare van bedekking te illumineer?**

**Na aanleiding van Hebreërs 5:12, hoe kan jy jou geestelike wandel met God daagliks gebruik om ander na Jesus te lei?**

***Lank voordat Saggéüs die behoefte gehad het om Jesus te ontmoet het God daardie spesifieke boom op die regte plek geplant sodat Saggéüs met sy tekorte en sy kort ronde lyfie in daai boom kon klim!***

***Selfs die takke van die boom was so beplan dat sy kort beentjies kon bykom sodat hy Jesus kon ontmoet.***

***God het lankal Sy plan vir jou, jou boom is geplant! Klim op na Hom, soek Hom, vind Hom en vind rus in SY wil vir jou.***

## Die Vervloekte Vyeboom

### Lees: Markus 11:12-14 en 11:20-21

### *Die Agtergrond*

Gister het Jesus in Jerusalem ingery op 'n donkie, die volk erken Hom as die Seun van Dawid, die Messias. Gisteraand het Hy en Sy dissipels oornag buite die stad, dit is die oggend van die 10de, Hy sou die 14de gekruisig word.

Op pad na terug na Jerusalem is Hy honger en sien 'n vyeboom, op 'n afstand lyk die vyeboom gesond, vol blare en die potensiaal dat daar vrug sou wees, alhoewel dit somer is, Vyetyd dra hierdie boom nie vye nie. Nee, hierdie boom het nog nie in "Vyetyd" gekom nie. Teleurgesteld in die boom, wat op 'n afstand vrugtevol "lyk", maar nie sy potensiaal uitleef nie, vervloek Jesus die boom. In Matteus se beskrywing in **Matteus 21:18-22**, kon die dissipels dadelik die effek sien van die vervloeking, maar in Markus se beskrywing, sien hulle na 24 uur die impak duidelik. Die boom is verdroog en verdor. **(Markus 11:20,21)**

### *Die Perspektief*

Sjoe, sê mense, was Jesus nie so bietjie "hard" op die boom nie? Volgens die Ou Testament, is die vyeboom 'n simbool vir die volk Israel. Die verwerping wat Jesus die volgende paar dae sou verduur van hierdie volk wie Hom gister erken het as die Messias lê nou voor. Hy vervloek nie net die "vrugtelose vyeboom" nie, maar ook simbolies die vrugtelose Israel. Daardie selfde dag reinig Hy die Tempel, want die Tempel was die simbool van God se teenwoordigheid, maar daar was nie meer vrug by die Tempel nie, net geldgierigheid, onderduimse transaksies en vorm godsdiens. Geen vrug aan hierdie "vyeboom" nie.

#### *Die Toepassing*

As Jesus na my en jou lewe kyk, hoe lyk ons vrug? As mense jou van ver af kyk, kan hul dalk dink dat ek en jy vrug dra, maar wanneer Jesus naby ons kom, is ons ook dalk soos hierdie vyeboom 'n teleurstelling.

Hoe lyk jou vrug van naby?

**MOOI VAN VER, MAAR VER VAN MOOI**

Hierdie is persoonlik! Ek kan nie vir jou besluit nie, jy moet self daaroor nadink.

### Lees: 2 Timotheüs 3:5

Hier waarsku Paulus die jong Timotheüs teen mense wat soos die vyeboom naby Jerusalem die gedaante van Godsaligheid het, maar minus die krag daarvan. Om "window dressing" te doen van ons vrug is maklik op 'n afstand, maar dis teleurstellend vals as mense naby kom. Wanneer my beker omgestamp word, kom dit wat regtig binne my is uit.

Doen 'n selfondersoek, vra iemand wat blatant eerlik met jou sal wees. Sien jy vrug in my lewe? Vra jouself?

### Lees: Matteus 3:8 - Dra dan vrugte wat by die bekering pas

Vrug is die "bewys" van my bekering, die uitvloeisel van my veranderde lewe, die bewys dat ek Hom aanvaar het.

**Geen ware vrug = Geen ware bekering**

Die Volk se bekering om Hom te aanvaar was van korte duur.

Daardie Sondag skreeu hulle: "Hosanna aan die Seun van Dawid", maar later daardie week skreeu hulle: "Kruisig Hom!" Hoeveel sogenaamde Christene leef so?

Om die **Vrugte wat by die bekering pas,** te dra kan ons nie Sondae skreeu Hosanna en deel aan Lof en Aanbidding en plastiese vrug dra, om maar net die week weer te vergeet van Hom nie. Hoe lyk jou Maandag tot Saterdag besluite?

## *Sondag vrug: Slegs vir vertoon doeleindes*

Toe Jesus naby die vyeboom kom, kry Hy geen vrug nie.  Wat is aan jou boom?

**Die boom sonder vrug :**

**Dit maak God naar op Sy maag = Openbaring 3:16**

**Dit is nie goed genoeg nie = Johannes 15:6**

**Hoe kan ek en jy God verheerlik?** **Lees: Johannes 15: 1-8**

Deur nie net tevrede te wees om nou en dan vrug te dra nie, (Johannes 15:2), maar skoon gemaak te word, sodat ons **meer vrug** kan dra (Johannes 15:2 en 5), om uiteindelik Hom te verheerlik deur **veel vrug** (baie vrug, gesonde vrug, bruikbare vrug) te dra (Johannes 15:8)

## Slot

Sluit af deur vir mekaar te bid dat ons regte egte bruikbare vrug sal dra, nie plastiese nagemaakte vrug aan ons boom te hê nie, maar dat as Jesus ons vrug wil gebruik dat Hy dit aan ons boom sal vind.

*Ahavah Groete*

*Marius*